basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**REKENINGKUNDE V2**

**2021**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye, 'n formuleblad en 'n 9 bladsy-antwoordeboek.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | BTW en Krediteureversoening | 35 | 25 |
| **2** | Kosteberekening | 35 | 25 |
| **3** | Begroting | 45 | 40 |
| **4** | Voorraadwaardasie | 35 | 30 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW) EN KREDITEURE-VERSOENING (35 punte; 25 minute)

### 1.1 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Hilda Kruideniers is vir BTW geregistreer. Die standaard-BTW-koers is 15% en word op die meeste goedere toegepas.

**GEVRA:**

1.1.1 Implementering van BTW:

- Verduidelik hoekom die regering BTW in Suid-Afrika geïmplementeer het. Noem EEN punt. (2)
- Verduidelik waarom sommige produkte nulkoersprodukte is. Noem EEN punt. (2)

1.1.2 Bereken die bedrag betaalbaar aan SAID met betrekking tot BTW vir die twee maande geëindig 30 April 2021. (11)

**INLIGTING:**

**A.** Saldo op 1 April 2021 aan SAID verskuldig, R9 450

**B. Transaksies vir April 2021:**

| | BEDRAG BTW UITGESLUIT | BTW-BEDRAG | BEDRAG BTW INGESLUIT |
|---|---|---|---|
| | R | R | R |
| Totale verkope | 412 000 | ? | 473 800 |
| Aankope van handelsvoorraad | 230 000 | ? | |
| Korting aan debiteure toegestaan | | 1 890 | |
| Goedere deur klante teruggestuur | | ? | 19 320 |
| Oninbare skulde ingevorder | | 1 140 | |
| Onttrekkings van handelsvoorraad deur die eienaar | | 1 380 | |

1.2 **KHAYA WINKELS**

Peter Sithole is die eienaar van Khaya Winkels. Die onderneming koop goedere by PN Verskaffers op krediet. Die onderneming het 'n rekeningstaat vir Februarie 2021 ontvang.

**GEVRA:**

1.2.1 **Verwys na Inligting A, B en C.**

Gebruik die tabel wat verskaf is.

Dui aan die veranderinge aan die Krediteuregrootboekrekening in die boeke van Khaya Winkels en die staat van PN Verskaffers aan om die foute en weglatings op 28 Februarie 2021 in berekening te bring.

Dui + of – vir elke bedrag aan. (12)

1.2.2 **Verwys na Inligting D.**

- Noem TWEE voordele van die gebruik van elektroniese fondsoordragte (EFO's) vir betalings aan krediteure. (2)
- Die interne ouditeur voel dat hierdie insident van bedrog nooit in hierdie onderneming moes plaasgevind het nie.
  - Verduidelik hoekom hy so voel. (2)
  - Verduidelik hoe dit verhoed kon gewees het. Noem TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

**A. Krediteuregrootboek van Khaya Winkels**

**PN VERSKAFFERS (KG8)**

| DATUM | | BESONDERHEDE | DEBIET | KREDIET | SALDO |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | R | R | R |
| 2021 Feb. | 1 | Saldo | | | 86 900 |
| | 5 | Faktuur 353 | | 18 800 | 105 700 |
| | 7 | Debietnota 72 | 600 | | 105 100 |
| | 13 | EFO 428 | 22 800 | | 82 300 |
| | | Korting | 1 140 | | 81 160 |
| | 14 | Faktuur A417 | | 6 100 | 87 260 |
| | 16 | Faktuur 390 | | 11 800 | 99 060 |
| | 23 | Faktuur 401 | | 8 900 | 107 960 |
| | 24 | EFO 676 | 12 000 | | 95 960 |
| | 25 | Joernaalbewys 221 | 2 660 | | 93 300 |
| | 27 | Faktuur 556 | | 7 700 | 101 000 |

**B. Rekeningstaat van PN Verskaffers ontvang**

| **Khaya Winkels<br>Rhinostraat 228** | | | | | **25 Februarie 2021** |
|---|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | | **BESONDERHEDE** | **DEBIET** | **KREDIET** | **SALDO** |
| | | | **R** | **R** | **R** |
| 2021 Feb. | 1 | Saldo | | | 86 900 |
| | 5 | Faktuur 353 | 10 800 | | 97 700 |
| | 7 | Kredietnota 109 | 600 | | 98 300 |
| | 14 | Kwitansie 632 | | 22 800 | 75 500 |
| | 16 | Faktuur 390 | 12 980 | | 88 480 |
| | 23 | Faktuur 401 | 8 900 | | 97 380 |
| | 24 | Kwitansie 961 | | 12 000 | 85 380 |

**C. Foute, weglatings en ander inligting:**

(i) Faktuur 353 op 5 Februarie 2021 was korrek volgens die rekeningstaat.

(ii) PN Verskaffers het 'n fout begaan tydens die boekstawing van die goedere teruggestuur op 7 Februarie 2021.

(iii) Khaya Winkels het 'n korting met die EFO-betaling op 13 Februarie 2021 ingeskryf. PN Verskaffers het die onderneming in kennis gestel dat hulle nie vir hierdie korting kwalifiseer nie.

(iv) Faktuur A417 in die Krediteuregrootboekrekening van PN Verskaffers was vir goedere aangekoop by LM Verskaffers.

(v) Die handelskorting op Faktuur 390 is nie deur PN Verskaffers afgetrek nie.

(vi) Die boekhouer het 'n debietsaldo van die Debiteuregrootboekrekening van PN Verskaffers (Joernaalbewys 221) na hulle rekening in die Krediteuregrootboek oorgedra.

(vii) Die staat toon slegs inskrywings tot 24 Februarie 2021.

**D.** Tydens 'n interne oudit het die ouditeur die volgende rekening in die Krediteuregrootboek van Khaya Winkels opgemerk:

| **EXCESS HANDELAARS** | | | | | **KG24** |
|---|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | | **BESONDERHEDE** | **DEBIET** | **KREDIET** | **SALDO** |
| 2021 Feb. | 20 | Faktuur 11 334 | | R120 000 | R120 000 |
| | 22 | EFO | R120 000 | | R0 |

Dit het aan die lig gekom dat 'n EFO-betaling van R120 000 aan Frank Adams, die alleeneienaar van Excess Handelaars, gemaak is. Verdere ondersoek deur die interne ouditeur het onthul dat hierdie onderneming nie operasioneel is nie en dat Frank Adams 'n naasbestaande van die rekenmeester van Khaya Winkels is.

**35**

**VRAAG 2: KOSTEBEREKENING (35 punte; 25 minute)**

2.1 Kies 'n kostekategorie uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.1.4 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.1.1 Kommissie aan verkoopspersone | A fabrieksbokoste |
| 2.1.2 Lone van fabrieksonderhoud-personeel | B administrasiekoste |
| 2.1.3 Kantoorskryfbehoefte-uitgawes | C direkte arbeidskoste |
| | D direkte materiaalkoste |
| | E verkoop- en verspreidingskoste |

(3 x 1) (3)

2.2 **MEISIES-UITRUSTERS**

Die onderneming vervaardig klereprodukte. Die eienaar is Minnie Zitha. Die inligting het betrekking op skoolrokke wat een van die produkte is wat hulle vervaardig. Rokke word volgens bestellings ontvang, vervaardig en daar is geen goedere-in-bewerking nie. Die finansiële jaar het op 30 April 2021 geëindig.

**GEVRA:**

2.2.1 **Verwys na Inligting D.**

Voltooi die Fabrieksbokoste-nota vir die skoolrokke. (10)

2.2.2 Bereken die totale koste van produksie van skoolrokke vervaardig. (4)

2.2.3 Minnie is bekommerd oor die vermorsing van materiaal in die kleremaakafdeling. Bereken die koste van hierdie vermorsing aan die besigheid. (5)

2.2.4 Die interne ouditeur het sy bekommernis oor die direkte arbeidskoste vir die skoolrokke uitgespreek.

- Verduidelik die probleem wat die ouditeur bekommer. Haal syfers aan. (3)
- Noem TWEE moontlike oorsake van hierdie probleem. (2)

2.2.5 Verskaf 'n berekening om te bewys dat die gelykbreekpunt vir die huidige finansiële jaar 17 000 eenhede is. (3)

2.2.6 Lewer kommentaar op die vlak van produksie bereik en die gelykbreekpunt hierbo bereken. Haal syfers aan. (2)

2.2.7 Bereken die ekstra wins wat verdien sal word as 'n addisionele 500 rokke gemaak en verkoop word. Aanvaar dat alle koste onveranderd is. (3)

**INLIGTING:**

**A. Grondstofvoorraad (kledingstof gebruik om die rokke te maak):**

Kledingstof word aan die fabriek uitgereik deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik.

| | EENHEDE (meter) | KOSTE per meter | TOTALE KOSTE |
|---|---|---|---|
| Voorraad kledingstof op 1 Mei 2020 | 9 000 | R14,20 | R127 800 |
| Kledingstof gedurende die jaar aangekoop | 33 000 | R17,00 | R561 000 |
| | **42 000** | | **R688 800** |
| Kledingstof aan die fabriek uitgereik | 29 000 | R16,40 | R475 600 |

**B. Produksie en verkope:**

- Die vervaardiging van een rok benodig 1,6 meter kledingstof.
- 17 800 rokke is gedurende die finansiële jaar gemaak en teen R75 per rok verkoop.

**C. Direkte arbeidskoste vir die jaar:**

| | WERKERS | URE PER WERKER | TARIEF | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Basiese loon (gewone tyd)* | 8 | 1 250 | R25 | R250 000 |
| Totale oortyd gewerk | 8 | 720 | R45 | R259 200 |
| Totale werkgewersbydrae | | | | R26 250 |
| **TOTAAL** | | 1 970 | | **R535 450** |

*Gewone tyd bestaan uit 'n 5 dag-week van 8 uur per dag. Die fabriek is vir 46 weke elke jaar in bedryf.

**D. Fabrieksbokoste**

Die volgende koste is geneem uit die rekords op 30 April 2021:

| | |
|---|---|
| Fabriekshuur-uitgawe | R122 400 |
| Water en elektrisiteit | 81 600 |
| Versekering op fabriekstoerusting | 20 720 |
| Salaris van die kleremaak-toesighouer | 76 960 |
| Afleweringsuitgawes | 36 800 |
| Lone van skoonmakers | 155 760 |
| Waardevermindering: kleremaakmasjiene | 30 300 |
| Diverse fabrieksuitgawes (kleremaakafdeling) | 10 670 |

- Fabriekshuur word verdeel volgens vloerspasie gebruik. Die kleremaakafdeling gebruik 320 $m^2$ van die totale fabrieksruimte van 1 280 $m^2$.
- 15% van die totale water-en-elektrisiteitrekening moet aan die kleremaakafdeling toegeken word.
- Versekering op fabriekstoerusting is tot 30 Junie 2021 betaal. Kleremaaktoerusting beloop ⅓ van die totale fabriekstoerusting.
- Slegs een van die ses skoonmakers, Susan, is aan die kleremaakafdeling toegeken. Susan verdien 10% minder as die ander vyf skoonmakers.

**E. Addisionele inligting met betrekking tot die kleremaakafdeling:**

- Totale veranderlike koste het R1 094 700 (R61,50 per eenheid) beloop
- Vaste koste, wat uit fabrieksbokoste en administrasiekoste bestaan, was R229 500 in totaal.

**35**

**VRAAG 3: BEGROTING** **(45 punte; 40 minute)**

3.1 Voeg die betrokke bedrag/bedrae vir ELKE transaksies hieronder in die toepaslike kolomme vir die volgende Kontantbegroting- en Geprojekteerde Inkomstestaat vir Julie 2021 in.

**Voorbeeld:** Maandelikse telefoonkoste sal na verwagting R4 200 wees.

| **NR.** | **KONTANTBEGROTING VIR JULIE** | | **GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT VIR JULIE** | |
|---|---|---|---|---|
| | **ONTVANGSTE** | **BETALINGS** | **INKOMSTE** | **UITGAWES** |
| **bv.** | | 4 200 | | 4 200 |
| | | | | |

(8)

**TRANSAKSIES VIR JULIE 2021:**

3.1.1 'n Drie-maande-advertensiekontrak vir R6 000 sal op 1 Julie 2021 betaal word. R2 000 van hierdie bedrag het op die volgende finansiële jaar betrekking.

3.1.2 Op 1 Julie 2021 sal R45 000 in 'n vaste deposito teen 8% rente p.j. belê word. Rente word nie gekapitaliseer nie en word aan die einde van elke maand ontvang.

3.1.3 Begrote kontantverkope, R23 200 (koste van verkope; R16 000).

3.2 **ANOKHI (EDMS.) BPK.**

Die onderneming verkoop elektriese toestelle. Die finansiële jaar eindig op 30 April. Kayla Bester is die alleenaandeelhouer en HUB van die onderneming.

**GEVRA:**

3.2.1 Voltooi die Krediteurebetalingskedule vir die begrotingstydperk geëindig 31 Julie 2021. (9)

3.2.2 Bereken die bedrae vir **(a)** tot **(d)** in die Kontantbegroting. (16)

3.2.3 Kayla het die volgende werklike en begrote syfers vir Mei 2021 onttrek:

| | **BEGROOT** | **WERKLIK** |
|---|---|---|
| Totale verkope | R882 000 | R705 600 |
| Kontant van debiteure | 522 828 | 402 600 |
| Advertensies | 35 280 | 35 280 |
| Afleweringsuitgawes (ABC Aflewerаars) | 57 330 | 51 200 |

Lewer kommentaar op die:

- Doeltreffendheid van die advertensies
- Beheer oor afleweringsuitgawes

Haal syfers in ELKE geval aan. (6)

3.2.4 Kayla het besluit dat die onderneming op 1 Junie 2021 'n afleweringsvoertuig gaan aankoop.

- Noem TWEE voordele van hierdie besluit. (2)
- Behalwe vir die items in die Kontantbegroting (Inligting F) getoon, maak 'n lys van VIER ander items wat Kayla by die begroting moet insluit. (4)

**INLIGTING:**

**A. Totale verkope:**

| WERKLIKE VERKOPE | | BEGROTE VERKOPE | |
|---|---|---|---|
| **APRIL 2021** | **MEI 2021** | **JUNIE 2021** | **JULIE 2021** |
| R878 400 | R882 000 | R918 000 | R936 000 |

**B.** Kredietverkope bestaan uit 60% van totale verkope.

**C.** Goedere word teen 'n winsopslag van 80% op kosprys verkoop.

**D.** Die onderneming handhaaf 'n vastevoorraad-basisvlak. Voorraad wat gedurende 'n maand verkoop word, word in dieselfde maand vervang. Die kontantaankope is 65% van totale aankope.

**E.** Krediteure word volgens die volgende tendens betaal:

- 40% – afbetaal in die maand van aankope om 5%-korting te verdien
- 50% – afbetaal in die maand wat op die aankopemaand volg
- 10% – afbetaal in die tweede maand na die maand van aankope

**F. Uittreksel: Kontantbegroting vir die drie maande geëindig 30 Julie 2021**

| | **MEI 2021 R** | **JUNIE 2021 R** | **JULIE 2021 R** |
|---|---|---|---|
| **Ontvangste** | | | |
| Kontantverkope | 352 800 | 367 200 | 374 400 |
| Kontant van debiteure | 522 828 | 535 140 | 548 640 |
| Huurinkomste | 15 500 | 15 500 | **(a)** |
| Lening: Jane Beleggers | 0 | **(b)** | 0 |
| **Betalings** | | | |
| Kontantaankope | 318 500 | 331 500 | 338 000 |
| Betaling aan krediteure | 167 020 | 170 660 | **?** |
| Salarisse van verkoops-assistente | 41 000 | 41 000 | **(c)** |
| Direkteursgelde | **(d)** | 98 880 | 98 880 |
| Advertensies | 35 280 | 36 720 | 37 440 |
| Rente op lening | 0 | 3 150 | 3 150 |
| Afleweringsuitgawes (ABC Aflewerings) | 57 330 | 59 670 | 0 |
| Afleweringsvoertuigdeposito | | 140 000 | |

(a) Huurinkomste sal na verwagting vanaf 1 Julie 2021 met 9% p.j. toeneem.

(b) Die onderneming het 'n lening onderhandel wat op 1 Junie 2021 ontvang sal word. Rente teen 13,5% p.j. is aan die einde van elke maand, met aanvang van 30 Junie 2021, betaalbaar.

(c) Die onderneming het in Mei en Junie vyf verkoopsassistente op dieselfde salarisskaal in diens gehad. Drie van hulle sal in Julie 2021 'n jaarlikse bonus van 75% van hulle verdienste ontvang. 'n Deeltydse verkoopsassistent sal gedurende Julie 2021 in diens geneem word en sal 50% verdien van die maandelikse bedrag wat op die ander van toepassing is.

(d) Kayla verdien direkteursgelde van R720 000 vir die jaar. Die maatskappy het ook 'n ander direkteur, Martin, vir die hele jaar in diens geneem. Martin sal vanaf 1 Junie 2021 'n verhoging van 8% p.j. op sy direkteursgelde ontvang.

**45**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4: VOORRAADWAARDASIE (35 punte; 30 minute)**

4.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Die (spesifieke identifikasie/eerste-in-eerste-uit)-metode aanvaar dat die eindvoorraad gewaardeer word teen die mees onlangse besending aangekoop.

4.1.2 Die (periodieke/deurlopende) stelsel vereis 'n jaareind-voorraad-opname om koste van verkope te kan bereken.

4.1.3 Die (geweegdegemiddelde/eerste-in-eerste-uit)-metode is geskik vir soortgelyke goedere wat op grootmaat gekoop word.

4.1.4 Die (periodieke/deurlopende) stelsel vereis dat alle produkte by die verkooppunt geskandeer word. (4)

4.2 **GWEN BOETIEK**

Die inligting het betrekking op ALUZE-handsakke vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021. Die onderneming gebruik die eerste-in-eerste-uit-metode om die waarde van hierdie handsakke te bepaal. Die periodieke voorraadstelsel word gebruik.

**GEVRA:**

4.2.1 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021:

- Waarde van die eindvoorraad (5)
- Koste van verkope (5)

4.2.2 **Voorraadhoudingsperiode**

- Bereken die gemiddelde voorraadhoudingsperiode (in dae). (5)
- Verduidelik of Gwen met hierdie syfer tevrede behoort te wees, of nie. Noem TWEE punte.

  **LET WEL:** Die gemiddelde voorraadhoudingsperiode op 29 Februarie 2020 was **52 dae**. (4)

4.3 **PROBLEEMOPLOSSING**

**Verwys na Inligting D.**

Gwen Boetiek verkoop ook baadjies en truie. Gwen het die inligting verskaf en benodig raad.

Identifiseer TWEE probleme in ELKE produk vir 2021. In elke geval, gee EEN stukkie raad om die probleem wat geïdentifiseer is, op te los. (12)

**INLIGTING:**

**A. Voorraadsaldo's:**

| DATUM | EENHEDE | TOTALE WAARDE (vraggeld ingesluit) |
|---|---|---|
| 1 Maart 2020 | 420 | R68 120 |
| 28 Februarie 2021 | 380 | **?** |

**B. Aankope en terugsendings vir die jaar:**

| DATUM | EEN-HEDE | EEN-HEIDS-KOSTE | TOTALE AANKOOP-BEDRAG | VRAG-GELD (per sak) | TOTALE KOSTE (vraggeld ingesluit) |
|---|---|---|---|---|---|
| 30 Jun. 2020 | 500 | R155 | R77 500 | R12 | R83 500 |
| 31 Okt. 2020 | 750 | R160 | R120 000 | R13 | R129 750 |
| 15 Feb. 2021 | 320 | R170 | R54 400 | R15 | R59 200 |
| **TOTAAL** | 1 570 | | | | R272 450 |
| **Terugsendings** | 20 | | | | R3 700 |

**C. Verkope:**

Totale verkope het R393 750 (1 590 sakke) beloop.

**D. Probleemoplossing:**

| | BAADJIES | | TRUIE | |
|---|---|---|---|---|
| | **2021** | **2020** | **2021** | **2020** |
| Eenhede: Beginvoorraad | 407 | 120 | 218 | 200 |
| Eenhede: Aankope | 800 | 800 | 1 800 | 2 200 |
| Eenhede verkope (bruto) Alle verkope is vir kontant. | 550 | 500 | 1 970 | 2 260 |
| Eenhede deur klante teruggestuur | 0 | 0 | 90 | 78 |
| Eenhede: Eindvoorraad | 615 | 407 | 138 | 218 |
| Voorraadomsetsnelheid | 0,9 | 1,9 | 10,6 | 10,4 |
| Winsopslag-% behaal | 75% | 50% | 25% | 25% |
| | **R** | **R** | **R** | **R** |
| Kosprys per item | 360,00 | 360,00 | 170,00 | 160,00 |
| Verkoopprys | 630,00 | 540,00 | 212,50 | 200,00 |
| Inkomste uit verkope in die bank gedeponeer | 346 500 | 268 920 | 349 500 | 436 400 |

**35**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

# REKENINGKUNDE V2

# GRAAD 12

# 2021

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 9 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## VRAAG 1

### 1.1 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

**1.1.1**

| |
|---|
| **Verduidelik hoekom die regering BTW in Suid-Afrika geïmplementeer het. Noem EEN punt.** |
| |
| **Verduidelik waarom sommige produkte nulkoersprodukte is. Noem EEN punt.** |
| |

| |
|---|
| |
| 2 |

| |
|---|
| |
| 2 |

**1.1.2**

**Bereken die bedrag betaalbaar aan SAID met betrekking tot BTW vir die twee maande geëindig 30 April 2021.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| | |

| |
|---|
| |
| 11 |

### 1.2.1 KREDITEUREVERSOENING

| | Krediteuregrootboek-rekening van PN Verskaffers in die boeke van Khaya Winkels | Rekeningstaat van PN Verskaffers |
|---|---|---|
| **Saldo** | **101 000** | **85 380** |
| **(i)** | | |
| **(ii)** | | |
| **(iii)** | | |
| **(iv)** | | |
| **(v)** | | |
| **(vi)** | | |
| **(vii)** | | |
| | | |

12

**1.2.2** **Noem TWEE voordele van die gebruik van elektroniese fondsoordragte (EFO's) vir betalings aan krediteure.**

2

**Die interne ouditeur voel dat hierdie insident van bedrog nooit in hierdie onderneming moes plaasgevind het nie.**

**Verduidelik hoekom hy so voel.**

2

**Verduidelik hoe dit verhoed kon gewees het. Noem TWEE punte.**

4

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |

## VRAAG 2

2.1

| | |
|---|---|
| 2.1.1 | |
| 2.1.2 | |
| 2.1.3 | |

| |
|---|
| |
| 3 |

**2.2 MEISIES-UITRUSTERS**

**2.2.1 FABRIEKSBOKOSTE-NOTA**

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| Salaris van kleremaak-toesighouer | 76 960 |
| Waardevermindering op masjiene | 30 300 |
| Diverse fabrieksuitgawes | 10 670 |
| TOTAAL | |

| |
|---|
| |
| 10 |

2.2.2

| Bereken die totale koste van produksie van skoolrokke vervaardig. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| 4 |

2.2.3

| Minnie is bekommerd oor die vermorsing van materiaal in die kleremaakafdeling. Bereken die koste van hierdie vermorsing aan die besigheid. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| 5 |

**2.2.4 Die interne ouditeur het sy bekommernis oor die direkte arbeidskoste vir die skoolrokke uitgespreek.**

| **Verduidelik die probleem wat die ouditeur bekommer. Haal syfers aan.** |
|---|
| |

| | |
|---|---|
| | 3 |

| **Noem TWEE moontlike oorsake van hierdie probleem.** |
|---|
| |

| | |
|---|---|
| | 2 |

**2.2.5**

| **Verskaf 'n berekening om te bewys dat die gelykbreekpunt vir die huidige finansiële jaar 17 000 eenhede is.** |
|---|
| |

| | |
|---|---|
| | 3 |

**2.2.6**

| **Lewer kommentaar op die vlak van produksie bereik en die gelykbreekpunt hierbo bereken. Haal syfers aan.** |
|---|
| |

| | |
|---|---|
| | 2 |

**2.2.7 Bereken die ekstra wins wat verdien sal word as 'n addisionele 500 rokke gemaak en verkoop word. Aanvaar dat alle koste onveranderd is.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| | |

| | |
|---|---|
| | 3 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |

## VRAAG 3

**3.1**

| NR. | KONTANTBEGROTING VIR JULIE | | GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT VIR JULIE | |
|---|---|---|---|---|
| | ONTVANGSTE | BETALINGS | INKOMSTE | UITGAWE |
| bv. | | 4 200 | | 4 200 |
| 3.1.1 | | | | |
| 3.1.2 | | | | |
| 3.1.3 | | | | |
| | | | | |

8

**3.2 ANOKHI (EDMS.) BPK.**

**3.2.1 KREDITEUREBETALINGSKEDULE**

| | KREDIET-AANKOPE | MEI 2021 | JUNIE 2021 | JULIE 2021 |
|---|---|---|---|---|
| Maart 2021 | 164 500 | 16 450 | | |
| April 2021 | 170 800 | 85 400 | 17 080 | |
| Mei 2021 | 171 500 | 65 170 | 85 750 | |
| Junie 2021 | 178 500 | | 67 830 | |
| Julie 2021 | | | | |
| Betaling aan krediteure | | 167 020 | 170 660 | |

9

**3.2.2 Bereken:**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| (a) Huurinkomste in Julie 2021 | |
| (b) Bedrag van die lening | |
| (c) Salarisse van verkoopsassistente | |
| (d) Direkteursgelde | |

16

| | | |
|---|---|---|
| 3.2.3 | **Lewer kommentaar op die doeltreffendheid van die advertensies. Haal syfers aan.** | **3** |
| | **Lewer kommentaar op die beheer van afleweringsuitgawes. Haal syfers aan.** | **3** |
| 3.2.4 | **Noem TWEE voordele van hierdie besluit.** | **2** |
| | **Behalwe vir die items in die Kontantbegroting (Inligting F) getoon, maak 'n lys van VIER ander items wat Kayla by die begroting moet insluit.** | **4** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

**VRAAG 4**

**4.1**

| | |
|---|---|
| **4.1.1** | |
| **4.1.2** | |
| **4.1.3** | |
| **4.1.4** | |

**4**

**4.2.1**

| **Bereken: Waarde van die eindvoorraad** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**5**

| **Bereken: Koste van verkope** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**5**

**4.2.2**

| **Bereken die gemiddelde voorraadhoudingsperiode (in dae).** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**5**

| **Verduidelik of Gwen met hierdie syfer tevrede behoort te wees, of nie. Noem TWEE punte.**<br>**LET WEL: Die gemiddelde voorraadhoudingsperiode op 28 Februarie 2020 was 52 dae.** |
|---|
| |

**4**

## 4.3 PROBLEEMOPLOSSING

| | PROBLEEM VIR 2021 (met syfers) | RAAD |
|---|---|---|
| BAADJIES | PROBLEEM 1 | |
| | PROBLEEM 2 | |
| TRUIE | PROBLEEM 1 | |
| | PROBLEEM 2 | |

| |
|---|
| 12 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |

**TOTAAL: 150**

*Kopiereg voorbehou*

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V2

## NASIENRIGLYNE

## 2021

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metode punt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Hierdie memorandum is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of per memo.
11. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☒.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.**

## VRAAG 1

### 1.1 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

**1.1.1 Verduidelik hoekom die regering BTW in Suid-Afrika geïmplementeer het. Noem EEN punt.**

Enige EEN geldige verduideliking ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike/gedeeltelike antwoorde.

- Addisionele bron van inkomste vir die regering/ gereelde basis
- Om infrastruktuur te befonds/voorsiening van openbare goedere en dienste.
- Om basiese/noodsaaklike dienste aan gemeenskappe te verskaf
- Om publieke skuld te finansier/ groot staatsondernemings te onderhou
- Dit is 'n indirekte belasting wat deur almal betaal word – vinnig en maklik om ekstra fondse te genereer

**2**

**Verduidelik waarom sommige produkte nulkoersprodukte is. Noem EEN punt.**

Enige geldige verduideliking ✓✓ deelpunte vir onvolledige/ onduidelike/ gedeeltelike antwoorde

- Om basies benodighede bekostigbaar te maak vir die agtergeblewe/ armer gemeenskappe/ help hulle om beter te lewe (verskaf kos)/ dit is goedkoper (met die BTW bedrag)
- Nulkoers items word as noodsaaklike items beskou-deur almal verbruik; moet vir almal toeganklik wees

**2**

**1.1.2 Bereken die bedrag betaalbaar aan SAID met betrekking tot BTW vir die twee maande geëindig 30 April 2021.**

een deel korrek

✓ ✓✓ ✓✓ ✓ ✓✓ ✓ ✓ ☑

9 450 + 61 800 – 34 500 – 1 890 – 2 520 + 1 140 + 1 380 = 34 860

OF

– 9 450 – 61 800 + 34 500 + 1 890 + 2 520 – 1 140 – 1 380 = – 34 860

Ignoreer teken op finale antwoord

OF

UitsetBTW: 61 800 + 1 140 + 1 380 — 9 450 = 64 320 = 73 770

Inset BTW: 34 500 + 1 890 + 2 520 = 38 910 Verskil: 34 860

OF

BTW-Kontrole*

| | |
|---|---|
| 34 500 | 9 450 |
| 1 890 | 61 800 |
| 2 520 | 1 140 |
| 34 860 | 1 380 |
| 73 770 | 73 770 |

Sien slegs EEN opsie na
Kies die opsie wat die kandidaat bevoordeel

* Bedrae mag aan die teenoorgestelde kant wees(spieelbeeld)
* Onderstreepte bedrae mag in hakies aan die teenoorgestelde kant wees

**11**

**1.2.1 KREDITEUREVERSOENING**

Vreemde inskrywings – 1 per reel maks-3 as punt verdien op daardie reel
As geen teken, +tief. Aanvaar hakies vir negatiewe bedrae, nie Dt of Kt nie
# sien korrekte antwoorde na in elke kolom, selfs as dit nie op die korrekte reel is nie

| | Krediteuregrootboek-rekening van PN Verskaffers in die boeke van Khaya Winkels | Rekeningstaat van PN Verskaffers |
|---|---|---|
| **Saldo** | **101 000** | **85 380** |
| **(i)** | (10 800 – 18 800) – 8 000 ✓✓ Moet beide wees vir twee punte | |
| **(ii)** | | – 600 een punt – 600 een punt – 1 200 ✓✓ |
| **(iii)** | + 1 140 ✓ | |
| **(iv)** | – 6 100 ✓ | |
| **(v)** | | (11 800 – 12 980) – 1 180 ✓✓ Moet beide wees vir twee punte |
| **(vi)** | | – 2 660 ✓✓ |
| **(vii)** | | + 7 700 ✓ |
| | 88 040 ☑* | 88 040 |

**12**

*Inspekteer /beide totale een deel korrek moet openingsaldo insluit
Kontroleer vir redelikheid van finale antwoord / een korrekte totaal gebruik

**1.2.2 Noem TWEE voordele van die gebruik van elektroniese fondsoordragte (EFO's) vir betalings aan krediteure.**

Enige TWEE punte ✓ ✓ aanvaar kort, onvolledige stellings, een woord antwoorde as boodskap duidelik is

| | | |
|---|---|---|
| Vinnig (geen toue) | goedkoper (laer tariewe) | verminder diefstal |
| Gerieflik | kan buite besigheidsure bedryf | |
| Maklik om te gebruik | in die gerief van die besigheid of huis | |
| Veilig (sekuriteitsrisiko) | onmiddellike terugvoer (kennisgewing/ bewys van betaling | |

**2**

**Die interne ouditeur voel dat hierdie insident van bedrog nooit in hierdie onderneming moes plaasgevind het nie. Verduidelik hoekom hy so voel.**

EEN geldige punt ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike/ gedeeltelike antwoorde

- Die rekenmeester word gewoonlik as 'n senior werknemer in die onderneming beskou wat op 'n verantwoordelike, professionele en geloofwaardige wyse moet optree/ onafhanklik werk
- Dit was 'n doelbewuste aksie om bedrog te pleeg/nepotisme en dit word nie van 'n 'n werknemer van sy professionele aard verwag word nie (lojaliteit/ eties).
- Die bestuur behoort bedag te wees op moontlike bedrog van die aard en moet interne kontrole maatreëls in plek hê om dit te verhoed./sy bevoegdheid kan bevraagteken word/ kan van bedrog of nalatigheid aangekla word
- Voorkomende maatreëls moes in plek gewees het om te verseker dat werknemers nie in versoeking kom/gevolge vir oortreders in kontrakte

**2**

**Verduidelik hoe dit verhoed kon gewees het. Noem TWEE punte.**

Enige TWEE punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike/ gedeeltelike antwoorde

- Kon twee mense aangestel het om elke EFO betaling goed te keur/ verdeling van pligte sodat die een as 'n kontrole op die ander dien
- Keur verskaffers behoorlik om te verseker dat hulle betroubare en geldige ondernemings is/ maak seker dat hulle werklik bestaan
- Doen karakter kontroles op nuut aangestelde werknemers en kontroleer verwysings van etiese gedrag van hulle vorige werkgewers
- Kennisgewings van bank (sms)/ OTP aan eienaar of 'n toesighouer vir alle banktransaksies
- Gereelde/ewekansige toesighouding of kontrole van van rekeningkundige. rekords/ joernale/dokumente

**4**

| **TOTALE PUNTE** | **35** |
|---|---|

## VRAAG 2

**2.1**

| | |
|---|---|
| **2.1.1** | E ✓ Verkoop- en verspreiding |
| **2.1.2** | A ✓ Fabrieksbokoste |
| **2.1.3** | B ✓ Administrasie |

Slegs EEN korekte antwoord; aanvaar koste kategorie of herkenbare affkortings

**3**

## 2.2 MEISIES-UITRUSTERS

### 2.2.1 FABRIEKSBOKOSTE-NOTA

| | |
|---|---|
| Fabriekshuur 122 400 x 320/1280 | 30 600 ✓✓ |
| Water en elektrisiteit 81 600 x 15% | 12 240 ✓✓ |
| Versekering 20 720 x 12/14 x 1/3<br>17 760 | 5 920 ✓☑* |
| Indirekte arbeid /lone aan skoonmakers<br>155 760 ✓ x 90/590 ✓ **OF** 26 400 x 90% OF -2 640<br>een punt een punt | 23 760 ☑* |
| **Salaris van kleremaak-toesighouer** | **76 960** |
| **Waardevermindering op masjinerie** | **30 300** |
| **Diverse fabrieksuitgawes** | **10 670** |
| **TOTAAL** | 190 450 ☑* |

*bewerking een deel korrek
-1 vreemde item ( bv aflweringskoste)

**10**

### 2.2.2

**Bereken die totale koste van produksie van skoolrokke vervaardig.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| ✓ ✓ ☑ sien 2.2.1<br>475 600 + 535 450 + 190 450 | 1 201 500 ☑<br>een deel korrek |

**4**

### 2.2.3

**Minnie is bekommerd oor die vermorsing van materiaal in die kleremaakafdeling. Bereken die koste van hierdie vermorsing aan die besigheid.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 520 drie punte<br>(29 000✓ – 28 480✓✓) x R16,40 ✓ **OF**<br><br>29 000 x 16,40 17 800 x 1,6m x 16,40<br>475 600 – 467 072<br>twee punte twee punte<br><br>520 drie punte<br>(18 125 – 17 800) twee punte<br>(325 x 1,6m) x R16,40<br>twee punte een punt een punt | R8 528 ☑<br>een deel korrek |

**5**

**2.2.4 Die interne ouditeur het sy bekommernis oor die direkte arbeidskoste van die skoolrokke uitgespreek**

**Verduidelik die probleem wat die ouditeur bekommer. Haal syfers aan.**

Verduideliking ✓✓ syfers (wat 'n vergelyking toon)✓✓

(5 x 8 x46)

- Normale ure gewerk is minder as verwag met 590 (1 840 – 1 250)/32%
- Oortyd ure is hoog; 36,5 % van totale produksie tyd gewerk; (720/ 1970)
- Oortyd betaling is R9 200 meer as gewone tyd; (259 200 – 250 000)

**3**

**Verskaf TWEE moontlike oorsake van hierdie probleem.**

Enige TWEE redes ✓ ✓ aanvaar kort, onvolledige stellings as boodskap duidelik is

- Onderbrekings as gevolg van beurtkrag/grendeltyd/ (Covid – 19 verwant)/ stakings
- Wisselende tydperke van hoë en lae aanvraag (opening van skole/elke kwartaal)
- Swak toesighouding gedurende normale tyd/ doelbewustevermorsing van tyd
- Goedkeuring van oortyd/uitbuiting van oortyd (a.g.v. hoër oortyd tarief)

**2**

**2.2.5 Verskaf 'n berekening om te bewys dat die gelykbreekpunt vir die huidige finansiële jaar 17 000 eenhede is.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| Sien teller en noemer as sulks na<br>229 500 ✓<br>75,00✓ – 61,50✓<br>13,50 twee punte | 17 000 eenhede<br>Getal gegee |

**3**

**2.2.6 Lewer kommentaar op die vlak van produksie bereik en die gelykbreekpunt hierbo bereken. Haal syfers aan.**

Kommentaar (Moet produksie met GBP vergelyk) ✓ syfers✓

- Die onderneming het 800 eenhede meer as GBP geproduseer (17 800 – 17 000)/ die onderneming maak 'n wins op 800 eenhede
- Lae winsgewendheid (op slegs 800 eenhede) as vermorsing van materiaal en die tyd verlore tydens produksie in ag geneem word.

**2**

**2.2.7 Bereken die ekstra wins wat verdien sal word as 'n addisionele 500 rokke gemaak en verkoop word. Aanvaar dat alle koste onveranderd is.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 500✓ x R13,50 ✓<br>(75,00 – 61,50) one mark<br><br>17 500 x 13,50<br>**OF** 236 250 – 229 500<br>(18 300 x 13,50) (17 800 x 13,50)<br>**OF** 247 050 – 240 300<br>(500 x 75 ) 500 x 61 50)<br>OF 37 500 -30750<br>een punt een punt op elke reel | R6 750 ✓ |

**3**

| **TOTALE PUNTE** | **35** |
|---|---|

## VRAAG 3

### 3.1

| NR. | KONTANTBEGROTING | | GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT | |
|---|---|---|---|---|
| | ONTVANGSTE | BETALINGS | INKOMSTE | UITGAWE |
| **bv.** | | **4 200** | | **4 200** |
| **3.1.1** | | 6 000 ✓ | * 2 000 nie F | *6 000<br>4 000 ✓ |
| **3.1.2** | 300 ✓ | 45 000 ✓ | 300 ☑*<br>sien ontvangste | |
| **3.1.3** | 23 200 ✓ | | 23 200 ✓<br>#aanvaar netto bedrag R7 200 twee punte | 16 000 ✓ |
| | | | | |

-1 per reel vir vreemde inskrywings as punte verdien op daardie reel , of oortollige inskrywings meeer as maks bedrag per reel

**8**

### 3.2 ANOKHI (EDMS.) BPK.

### 3.2.1 KREDITEUREBETALINGSSKEDULE

| | KREDIET-AANKOPE | MEI 2021 | JUNIE 2021 | JULIE 2021 |
|---|---|---|---|---|
| **Maart 2021** | **164 500** | **16 450** | | |
| **April 2021** | **170 800** | **85 400** | **17 080** | |
| **Mei 2021** | **171 500** | **65 170** | **85 750** | 17 150 ✓✓ |
| **Junie 2021** | **178 500** | | **67 830** | 89 250 ✓✓ |
| **Julie 2021** | 182 000 ✓✓ | | *as x 40% x 95%<br>vier punte as antwoord korrek is | 69 160 ☑☑ |
| **Betaling aan krediteure** | | **167 020** | **170 660** | 175 560 ☑<br>*een deel korrek |

**9**

Ignoreer vreemde inskrywings, penaliseer op finale antwoord
# sien korrekte bedrae in Julie kolom na, al is nie op relevante reel nie

### 3.2.2 Bereken:

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| **(a) Huurinkomste in Julie 2021**<br>15 500 x 109% OF 15 500 + 1 395 | 2<br>16 895 ✓✓ |
| **(b) Bedrag van die lening**<br>37 800 twee punte<br>3 150 ✓ x 12 ✓ / 13,5/100✓ of 13,5%<br>Lening bedrag x 13,5% x 1/12 = 3 150<br>(3 150 x 12) / 0,135 **OF**<br>(3 150 x 12 x 100) / 13,5 | 4<br>280 000 ☑<br>een deel korrek<br>sien teller en noemer as sulks na |
| **(c) Salarisse van verkoopsassistente**<br>41 000 ✓ + 18 450 ✓✓ (41 000 x 3/5 x 0,75 / twee punte; ( 8 200 x 3) x 75% twee punte) + 4 100 ✓✓ (8 200 x 50% twee punte)<br>**OF** 43 050 (24 600 x 175%; twee punt) + 16 400 (8 200 x 2; een punt) + 4 100 (8 200 x 50%; twee punte) | 6<br>63 550 ☑<br>een deel korrek |
| **(d) Direkteursgelde**<br>60 000✓ (720 000/12) + 36 000 ✓✓ ((38 880 x 100/108) twee punte) | 4<br>96 000 ☑<br>een deel korrek |

**16**

**3.2.3 Lewer kommentaar op die doeltreffendheid van die advertensies. Haal syfers aan.**

Lewer kommentaar op kontrole (werklik vs begroot, mag geïmpliseeer wees in antwoord)✓ effek op verkope✓ syfers✓

Alhoewel dieselfde bedrag (Nil verandering/R0/R35 280) as begroot gebruik is, was die werklike verkope 20% minder as begroot of met R176 200 of R882 000 – R705 600), advertensies was dus nie effektief nie

**3**

**Lewer kommentaar op die beheer van afleweringsuitgawes. Haal syfers aan.**

Lewer kommentaar op kontrole (werklik vs begroot;; mag geïmpliseer wees in antwoord✓ effek op verkope✓ syfers✓

- Afleweringsuitgawes is laer as begroot met (R6 130 of R57 330 - R51 200) of met 10,7% terwyl die verkope 20% minder as verwag was of met R176 400 of R882 000 – R705 600; afleweringskoste was dus nie goed gekontrolleer nie
- Begroot vir 6,5% van verkope – werklik was 7,3% van verkope (0,8% verskil) afleweringskoste was dus nie goed gekontrolleer nie

**3**

**3.2.4 Noem TWEE voordele van hierdie besluit.**

TWEE geldige punte ✓ ✓ aanvaar kort, onvolledige stellings as boodskap duidelik is

- Die onderneming sal 'n bate besit (verhoog die waarde van die bates)
- Aflewerings kan volgens die gerief van die onderneming gemaak word/ onder die beheer van die onderneming
- Moontlike besparings/ meer ekonomies (bespaar op die winsopslag wat op verskaffer van toepassing is) /sny middelman uit
- Kan gebruik word om 'n inkomste te genereer deur die voertuig uit te huur

**2**

**Behalwe vir die items in die Kontantbegroting (Inligting F) getoon, maak 'n lys van VIER ander items wat Kayla by die begroting moet insluit.**

Enige VIER items ✓ ✓ ✓ ✓ wees bedag op ander aanvaarde alternatiewe antwoorde wat op voertuie betrekking het

Moontlike antwoorde: Moet nie nie-kontant item aanvaar nie bv Waardevermindering

| | | |
|---|---|---|
| Versekering | Herstelwerk | aflewerings- inkomste |
| Brandstof en olie | Afbetalingspaaiement en rente | |
| Addisionele drywer | Voertuig lisensie | |
| Tolgeld | Sekuriteit vir voertuig (motorhuis) | |
| Onderhoud | Akkommodasie vir drywer (werk laat) | |

**4**

| **TOTALE PUNTE** | **45** |
|---|---|

## VRAAG 4

Aanvaar herkenbare afkortings/slegs een korrekte antwoord

**4.1**

| | |
|---|---|
| **4.1.1** | Eerste- in- eerste -uit (EIEU) ✓ |
| **4.1.2** | Periodiek ✓ |
| **4.1.3** | Geweegde gemiddeld (GG)✓ |
| **4.1.4** | Deurlopend ✓ |

4

**4.2.1**

| **Bereken: Waarde van die eindvoorraad** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 3 700/20 =185<br>320 -20      380 – 300 of eenhede in eerste deel<br>(300 ✓ x 185 ✓) + (80 ☑ x 173 ✓)<br>55 500 twee punte      13 840 twee punte<br>(59 200 - 3 700) twee punte<br><br>(300 x 170) (80 x 1 (300 x 15) (80 x 13)<br>**OR** 51 000 + 12 800 + 4 500 + 1 040 een punt elk | 69 340☑<br>een deel korrek |

5

| **Bereken: Koste van verkope** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 336 870 drie punte<br>(83 500 + 129 750 + 59 200) een punt<br>(68 120 + 272 450 – 3 700) – 69 340<br>✓ ✓ ✓ ☑ sien EV hierbo<br>(670 x 173)<br>**OR** 68 120 + 83 500 + 115 910<br>een punt    een punt    twee punte | 267 530☑<br>een deel korrek |

5

**4.2.2**

| **Bereken die gemiddelde voorraadhoudingsperiode (in dae).** | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGSS** | | **ANTWOORD** |
| 68 730 drie punte sien EV hierbo<br>½ ✓ (68 120 ✓ + 69 340 ☑) x 365<br>267 530 ☑ sien KvV hierbo | **OF eenhede gebruik**<br>½ (420 +380)<br>400 x 365<br>1 590<br>Ken punte daarvolgens toe | 93,8 dae☑<br>een deel korrek as x 365<br><br>OF<br>91,8 dae |

5

**Verduidelik of Gwen met hierdie syfer tevrede behoort te wees, of nie. Noem TWEE punte.**
**LET WEL: Die gemiddelde voorraadhoudingsperiode op 28 Februarie 2020 was 52 dae.**

Enige TWEE punte ✓✓ ✓✓    Deelpunte vir onduidelike/onvolledige /gedeeltelike antwoorde
Syfers nie nodig by vraag nie, sien volgens kandidaat se bg berekeninge na

**"NIE – TEVREDE' OPSIE**

- Die voorraadhoudingsperiode het verhoog (van 52 dae tot 93,8 dae sien hierbo) / Voorraad beweeg nie so vinnig soos verwag nie.
- Moontlikheid van sakke wat uit die mode gaan/verouder/oortollig
- Beset stoorplek/ ledige voorraad is 'n risiko vir diefstal
- Te veel bedryfskapitaal/kontant wat in voorraad vasgevang/ sy sal pryse moet verlaag om voorraad te verminder

**"TEVREDE" OPSIE"**

- Sakke is duursaam en kan in toekoms verkoop word/ moontlik gebruik maak van grootmaat kortings/ verhoog winsgewendheid in die toekoms (inflasie)
- Toestand van ekonomie(luukse goedere val in vraag is te wagte

4

## 4.3 PROBLEEMOPLOSSING

Sien relevante probleem of syfer na indien in verkeerde kolom/ ken punte toe vir raad , selfs al is probleem onduidelik/ foutief # wees bedag op addissionele korrekte opsies/syfers

| | **PROBLEEM 2021 (met syfers)**<br>TWEE geldige problem ✓ ✓<br>met syfers ✓ ✓ | **RAAD**<br>Per probleem geidentifiseer✓ ✓<br>Sien raad onafhanklik na<br>Verskillende probleme verwag |
|---|---|---|
| **BAADJIES** | • Te veel voorraad voor-hande (615 eenhede)/ toegeneem met 208 een hede (van 407 tot 615)<br>• Verlaging in voorraad-omsetsnelheid 1,9 to 0.9/ hoë voorraad saldo's as gevolg van voorrraad wat nie beweeg/ hoër winsopslag% dra ook hiertoe by<br>• Prys te hoog ( wins-opslag% verhoog van 50% tot 75% 'n 25 % verhoging/ prysverhoging van R90 per eenheid R630 – R540)<br>• Koop dieselfde hoeveelheid eenhede (800) ten spyte van die oortollige voorraad ; dra by tot ophoping van voorraad<br>• Items vermis of gesteel 42 eenhede of (407 +800 – 550 - 615) | • Verhoog advertensies<br>• Oorweeg kortings<br>• Verminder winsopslag%<br>• Bestel volgens verkope/ bestellings ontvang<br>• Verminder winsopslag om verkope te verhoog<br>• Hou uitverkopings<br><br>• Gereelde voorraadopname om beskikbare voorraad te bepaal;<br>• Vervang voorraad soos eenhede verkoop word (basis voorraad)<br>• Sekuriteitsetikette op produkte<br>• Fisiese inspeksie van voorraad/ tel van voorraad<br>• Installeer kameras<br>• Verkoop aanlyn (as klante die probleem is) |
| **TRUIE** | TWEE geldige problem ✓ ✓<br>met syfers ✓ ✓ | Per probleem geïdentifiseer ✓ ✓ |
| | • Afname in eenhede verkoop 290 (2 260 - 1 970) OF 302 ( 2 182 –1 880)<br>**OF** Verkope syfer val van 436 400 – 399 500/ met 36 900/ 8,5%/OF met 86 900 (436 400 -349 000 as vermiste geld nie op raakgesien is nie<br>• Kontant vermis /gesteel R50 00/ (399 500 – 349 500) OF 69 125 (as terugsendings nie ingesluit is)<br>• Hoë terugsendings deur klante van 78/ 3,5% van verkope tot 90/ 4,6% van verkope) | • Verhoog advertensies<br>• Hou verkoopprys dieselfde om verkope te verhoog<br><br>• Verdeling van pligte<br>• Moedig die gebruik EFO aan<br>• Versoek sms vir deposito's<br>• Versoen deposito's met items verkoop/ verkope se depositos<br>• Aanlyn verkope/verkope op krediet – minder kontanthantering<br>• Daaglikse deponering/roetine<br><br>• Stel strenger terugsendingsbeleid<br>• Verbeter kwaliteit van produk om terugsendings te verminder/ moet nie minderwaardige (goedkoper) produkte koop nie<br>• Verander style van truie/ in mode<br>• Lei personeel op om beste raad aan klante kan gee |

**12**

| **TOTALE PUNTE** | **35** |
|---|---|

**TOTAAL: 150**